H KAMPMAN

H Kampman (Pty) Ltd
Steenbokstraat 19, Koedoespoort, 0186

# VAKANTE POS: AANKOPER

Die pos van Aankoper is tans by maatskappy H Kampman vakant. Ons is op soek na ‘n verantwoordelike persoon wat met die aankoopproses in die boubedryf bekend is.

Jy sal verantwoordelik wees vir die aankope en toesien dat korrekte voorraad betyds ontvang word. Sodoende moet die bouprosesse vlot verloop en geen staantyd moet bewerkstellig word nie.

Jy moet bekend wees met die aankoopproses en selfs nuwe programme voorstel en idees na die tafel bring. Jy moet oor goeie onderhandelingsvermoë beskik om ten alle tye die beste pryse te bekom en goeie verhoudings met verskaffers te bou.

## Verantwoordelikhede en Vaardighede.

- Bekend met die Boubedryf, Konstruksie en Staalbedryf.
- Rekenaargeletterd in Excel, Woord, Google Drive en opsioneel in Buildsmart.
- Die vermoë om data te analiseer, vas te lê, prysbestuur en verskaffers se prestasie te evalueer en bestuur.
- Moet met verskaffers kan onderhandel om sodoende die beste prys en afslag te kan beding.
- Die vermoë om onder druk te kan presteer en take te prioritiseer.
- Moet verskeie projekte ter gelyke tyd te kan beheer en bestuur om sperdatums te bereik.
- Moet kontrakte met verskaffers te kan onderhandel.
- Moet deurlopend verskaffers navolg vir die beste prys, kwaliteit, diens en kontraktuele voldoening.
- Moet Afrikaans en Engels verbaal en skriftelik geletterd wees.
- Moet tydbestuur kan toepas.
- Eie vervoer met verkieslik kode 10 rybewys.
- Beheer en bestuur van voorraad.
- Moet individueel en in ‘n  span kan funksioneer.
- In ‘n konstante veranderlike bedryf te kan meeding en addisionele take verrig.

- Moet ‘n klein span ondergeskiktes kan bestuur.

Belangstellende persone kan hulle CV stuur na admin@hkampman.co.za voor 14 Februarie 2025.

Indien u nie voor of op 28 Februarie 2025 enige terugvoer ontvang het nie, kan u aanvaar dat u aansoek nie suksesvol was nie.